



Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompas



Jaargang 22 no 09

September 2013

God se wet tot geloof en verlossing?	2
Ruim harte	4
Hoe raak ek betrokke by mense?	5
Wat is goeie prediking?	6
Wegbly van die nagmaalsviering	9
Reformational Study Centre	12
Zimbabwe	13
Om Kuyper te verstaan	16

Lente

Dis Septembermaand. Heelwat skole en besighede beplan in September 'n lentedag, want almal weet die lente is weer oppad. Ons weet nie hoe die eerste lentedag gaan wees nie, daarom kan dit wees dat die beplande lentedag juis 'n koue dag is. Maar ons weet wel dat die lente kom.

In Genesis 8:22 belof God dat "saaityd en oes tyd, koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie ophou nie". Ons sien jaar in jaar uit dat God hierdie belofte hou. Ook die Here Jesus verwys in Mattheüs 6:26 en 28 na wat in die natuur gebeur: "Kyk na die voëls van die hemel; hulle saai nie en hulle maai nie en hulle bring nie bymekaar in skure nie, en tog voed julle hemelse Vader hulle." "En wat kwel julle jul oor klere? Let op die lelies van die veld, hoe hulle groei; hulle arbei nie en hulle spin nie". Die wêreld waarin ons leef is nie net God se wêreld in die sin dat Hy dit geskep het nie; dis ook sy daaglikse werkplek.

Wanneer 'n mens na die wêreld kyk, gebeur daar goed wat ons bekommerd maak. Dink aan die slegte ekonomie, oorloë wat heers, chemiese aanvalle in Sirië, vrae oor die verkiesing in Zimbabwe, ons regering wat korrup is. Ook in ons eie lewe is daar bekommernisse: daar is dalk probleme by die werk, jou salaris is te min, daar is siekte, mense sterf op 'n jong ouderdom.

Kyk dan na die natuur. God laat dit weer lente word, God sorg vir die lelies van die veld, Hy voed die voëls. God is dus in beheer, Hy regeer die aarde. Weet dan dat ons in sy hande veilig is.

Behalwe dat ons in die natuur kan leer hoe God vir sy skepping en dus ook vir ons sorg, sien ons ook hoe die natuur God eer. Ons lees daarvan in die Psalms: "o HERE, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die ganse aarde! U wat u majesteit gelê het op die hemele" (Ps 8:2); en: "die hemele vertel die eer van God en die uitspansel verkondig die werk van sy hande" (Ps 19:2). Die hele Psalm 104 praat oor God se pragtige skepping. Die reaksie van die psalmis is dan ook: "Ek wil sing tot eer van die Here solank as ek lewe, ek wil psalmsing tot eer van my God solank as ek daar is" (Ps 104:33). Laat ons ook so na die natuur kyk. Ons verwonder oor hoe mooi die blomme en voëls is.

Die natuur leer ons dus dat God altyd sorg, ons is altyd veilig in God se hande. En die natuur leer ons hoe ons God moet eer. Ook ons hele lewe moet tot eer van God wees. Laat ons dit ook aan ons (klein) kinders leer. Wys hulle gerus hoe mooi God die natuur maak en onderhou, verwonder julle saam oor die pragtige skepping.

Heleen Snijder, lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria

God se wet tot geloof en verlossing

Psalm 119 : 1-8 Alef

Uit die Woord

“WELGELUKSALIG is die opregtes van weg, wat in die wet van die HERE wandel.”

Veels geluk

Wanneer is 'n mens welgeluksalig?

En... hoe is dit om welgeluksalig te wees?

Moet ons hierby dink aan “veels geluk”, soos om iemand geluk te wens met sy verjaarsdag?

Nee, vers 1 van hierdie Psalm begin nie met so 'n gelukwensing nie.

Hierdie eerste woord van Psalm 119 druk iets baie sterkers uit. Dit is 'n erkennende en bevestigende uitspraak. 'n Uitspraak oor die feit dat mense wat opreg is, wat 'n pad loop wat reguit is, en wat in hul lewe 'n pad loop wat voldoen aan die eis van die wet van die HERE – dat dáárdie mense “welgeluksalig” sal wees.

Hierdie geluk word as 'n vasstaande feit vermeld.

Hulle **is** welgeluksalig.

Hulle het van ganser harte volgens die gebod van die HERE geleef. Nie noodgedwonge of onder druk of dreiging nie. Maar – van ganser harte.

En dit is nog nie al nie.

Vers 3 noem nóg 'n ander aspek. Ondanks die feit dat die wet van die HERE dus deur hierdie mens onderhou word, word ook nog veronderstel dat dit sonder foute sou gebeur. Daar staan : "Hulle doen geen ongeregtigheid nie". Hulle wandel presies op die pad soos God wys.

Die digter van hierdie Psalm begin dus met 'n baie ideale toestand. 'n Mens kan amper sê: 'n mens sonder sonde, sonder gebrek, sonder afwyking van GOD se wet – hy alleen sal geluksalig kan wees. Hy sal só geluksalig wees dat hy in GOD se heilige gemeenskap sal kan en mag leef.

Maar... die werklikheid is anders! Ons moet let op hierdie realiteit. Die harde werklikheid is dat niemand sonder sonde is nie. Niemand wandel honderd persent in die weg van die

'n Mens sonder sonde, sonder gebrek, sonder afwyking van GOD se wet – hy alleen sal geluksalig kan wees. Maar... die werklikheid is anders! Ons moet let op hierdie realiteit. Die harde werklikheid is dat niemand sonder sonde is nie.

wet van die HERE nie. Tog begin die Psalms met 'n voorstelling dat daar volledig gewandel word of kan word ooreenkomstig die wet van GOD.

Waarom hierdie Utopia, hierdie onwerklikheid? Word so die welgeluksaligheid van onvolmaakte gelowiges nie by voorbaat opsygesit en sal 'n mens dan nie terugtuimel in die sonde en ellende nie?

In vers 4 word hierdie werklikheid dan ook duidelik gestel. Daar hoor ons dat dit 'n streng eis is om die bevel van GOD getrou te onderhou. Dit sal dus harde werklikheid moet wees!

Om as 'n opregte Christen te lewe, moet daar 'n groot gehoorsaamheid (getrouheid) wees. Wanneer alles dan vlot verloop, dan sal jy welgeluksalig wees. En wanneer alles nie vlot verloop nie – wat dan?

Hoe dikwels is laasgenoemde nie die geval nie!


Dan staan dit in skille kontras met vers 1. Dan sal daar nie getrouheid wees soos in vers 4 vereis word

nie. En dan bly die welgeluksaligheid ook weg.

Begin hierdie Psalm nie eintlik op 'n baie onbarmhartige wyse nie? Amper so-iets soos: Jy kan kry wat jy wil hê, maar as jy dit het, moet jy volhou om dit te behou.

Dit alles bring die digter van hierdie Psalm tot 'n punt van erkenning: die werklikheid is dat sy lewe

Begin Psalm 119 nie baie onbarmhartig nie?



Ruim harte

Verslag van 'n besoek aan die Kanadese susterkerke – Mei 2013

Kerknuus – Kanada

Graanvelde

Vir lank al is die Kanadese kerke ons susterkerke. Ses jaar gelede het hulle ook ons kerkverband begin ondersteun: ons hulpbehoewende kerke en ons sendingwerk. Die plek waar ek werk (die sendingpastorie in Akasia), is gekoop van hulle donasies.

'n Goeie rede dus om hulle te bedank en meer oor ons kerke te vertel. Drie jaar gelede was ek in Ontario; hierdie keer het hulle hul sinode in Manitoba gehou, en kon ek kerke in die midde van die land besoek.

Die Here het die harte van hierdie Christene net so ruim gemaak as die uitgestrektheid van hul graanvelde. Sowel in die boeregemeente Coaldale as in die stedelike gemeentes Calgary en St. Albert is ek vriendelik ontvang en het ek belangstellende vrae gekry, wat wys dat hulle saamdink en meeleeft.



Sinode

Die kerkgebou van Carman West was twee weke lank die toneel van die sinode. Nie net die kerkzaal nie, maar ook die vergaderruimtes is benut: kommissies het elke dag vergader om die voorstelle voor te berei. So is rapporte en briewe oorsigtelik aangebied en dit het die bespreking bespoedig. (<http://www.canrc.org/?assembly=181>)

Die sinode het die Teologiese Opleiding in Hamilton met 'n **vyfde professor** versterk.

'n Nuwe **liedboek** is na ses jaar gefinaliseer. Nes by ander onderwerpe, was daar baie insette van die plaaslike kerke in hierdie proses. Die United Reformed Churches het hul samewerking op hierdie twee terreine ongelukkig beëindig.

Die verhouding met die Nederlandse **susterkerke** (GKv) het baie aandag gekry. 'n Spesiale kommissie het die ontwikkelings in die Nederlandse

kerke bestudeer. Die sinode het 'n vermaningsbrief gestuur omdat hulle bekommerd is oor die algemene rigting van die GKv. Hulle vrees dat Skrifkritiek toegelaat word in publikasies van twee dosente by die teologiese opleiding. Samesprekings met die Nederlandse Gereformeerde Kerke en besinning oor die vrou in die kerk roep vrae op of die belydenis steeds gehandhaaf word.

Ons VGK-deputaatskap vir susterkerkkontakte bestudeer dieselfde sake. Ons het ook sorg oor die hantering van besware teen dié publikasies.

Ons besef ook dat die ontwikkelings binne die GKv kompleks is. Baie van die sake waarvoor kommer bestaan, is nog in bespreking. Susterkerke behoort mekaar se besluite af te wag. Maar ons bydraes moet ook nie mosterd na die maal wees nie.

Verder dink ek dat ons in die buiteland moet besef dat Nederlandse kerke op 'n ander manier op hulle (sekulêre) kultuur kan reageer as wat ons sou verkies. Die proses was tot nou toe krities. Hoe kan ons saam meer oor hierdie belangrike sake besin? Watter sake betref net verskillende toepassings en wanneer is die basis van ons belydenis in gevaar? Bid asseblief vir wysheid!

Die Kanadese kerke het hulle eie struggles. Die vorige sinode het besluit om die **vrouestemreg** in die vryheid van die plaaslike kerke te los. Die beswaarskrifte daarteen is deur hierdie sinode aanvaar. Nou mag vroue nie meer stem nie.

Die redes wat aangevoer is, oortuig my nie. Dit was veral formele besware. Ook is aangevoer dat daar so baie kerke teen die besluit gekant was. Dit is 'n gevaarlike argument. Gereformeerde sinodes behoort nie daarvoor te swig nie! Ek verwag en hoop dat daar ook weer baie beswaarskrifte teen hierdie besluit gaan kom.

Ek ervaar herkenning. Ons is verbonde. Kom ons dank die Here vir ons susterkerke en bid vir die roeping wat hulle met ons deel: om die Woord van God te verkondig, toe te pas, en te gehoorsaam.

Ds Dirk Maurits Boersma is een van die VGK-sendingelinge, hy werk in Akasia (*Living Hope*) en is lid van die BBK-deputaatskap

Hoe raak ek betrokke by mense?

Samelewing

Ek gaan gereeld vir 'n week Zimbabwe toe om uit te reik na die boere wat daar woon. Hulle het op my pad gekom, ek het van hulle nood gehoor. Ek probeer om deur middel van kunsklasse en beradingsgesprekke hulle te help. So het ek betrokke geraak.

Ons as gelowige gemeenskap het die wonder om meer en in-diepte-kennis te versamel van Christus se genade. Ek gebruik die woord genade, want dis net deur sy genade dat ons kan glo dat Hy ons gered het. Wat doen ons met die kennis; bou ons net elke dag verder aan ons eie kennis of dra ons uit wat ons leer? Is dit nie ons taak om na ander uit te reik, om uit te dra wat ons in die Bybel leer nie?

Ek wil graag verwys na 'n Skrifgedeelte wat vir my juis beklemtoon hoe ek met die kennis wat ek by die kerk, Bybelstudies en persoonlike Bybelstudies opdoen, moet omgaan, naamlik Johannes 1:14: "En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon..." In die Nuwe Testament sien ons hoe Christus uitreik na ander. Hy help die mense fisies en Hy bring God se Woord. Christus leer ons in die gelykenis van die barmhartige samaritaan (Luk. 10:25-37) dat ons vir ons naaste moet omgee. Ek dink inderdaad dis



ons Christelike plig om na ander uit te reik.

Ons kan soos Jona redes (verskonings?) uitdink hoekom ons nie nou nie, maar eers later kans het om uit te reik. Maar God besluit wanneer Hy ons stuur. Hy wag baie keer nie tot die "tyd vir ons geleë is" nie. En ons moet leer om dit raak te sien. As God dan mense op ons pad stuur, moet ons dit wegwys? Ek het bv. 'n jong gesin en kon dit as verskoning gebruik om nie na die mense wat op my pad gekom het, uit te reik nie. Maar God sorg, daarop kan ons altyd vertrou. So het Hy toe vriende op my pad gestuur wat elke keer gesorg het dat my kinders versorg is wanneer ek Zimbabwe toe moes gaan. So leer ek ook my kinders dat, wanneer Christus 'n mens roep om betrokke te raak, ons nooit mag weier nie

Hoe lyk die gemeenskap waar jy kan help?

Die gemeenskappe waarby jy betrokke kan raak, verskil van mekaar. Christus het ons verskillende karakters gegee, verskillende voorliefdes, en verskillende talente. Met goeie rede... ons kan immers nie almal afstorm op dieselfde gemeenskap nie! Dink na oor die volgende punte om te weet hoe en waar jy kan help:

Gaan dink wat is jou passie/talente (jy weet eintlik klaar).

Sien die nood raak (dis gewoonlik die ding wat jou erg ontstel).

Moenie kyk na die groot probleem nie, fokus op 'n aspek, en dan word die groter probleem minder, bv. in my geval: ek kan nie plase teruggee nie! Maar ek kan help om die teleurstellings te verwerk.

Besef dat jy jou talente moet gebruik as hulpmiddel tot jou Bybelse opdrag en nie tot eie eer nie.

Sorg dat die projek waarby jy betrokke raak, van die gemeenskap bly en dat dit nie "jou koninkryk" word nie. Dit moenie oor jou eer gaan nie, maar ons reik uit om God daarmee te eer.



Wat is jou doel met jou betrokkenheid?

Oor die algemeen kan ons nie die oorsaak van die probleme oplos nie. My doel met die groepe was nie om plase en werk terug te gee nie, maar om die mense se gees te versterk, sodat hulle met krag hul passie kan uitleef. Weet u hoe lyk mense wie se gees 'n knou gekry het? Ek het die volgende in 'n Weg-tydskrif raakgelees: *They can steal*

everything from me, but I won't allow them to steal my spirit.

Ken jou beperkings, en moenie dat dit jou keer nie.

Ons kan dalk allerlei verskonnings uitdink hoekom ons nie geskik is om uit te reik nie. Maar dan kon die Here nie een mens gebruik het nie, almal het wel 'n beperking. Dink aan Abraham, hy was te oud; Moses het gehakkel; Gideon was arm en bang; Ragab was immoreel; Dawid het 'n buite-egtelike verhouding gehad (en allerhande ander familie-probleme!); Elia het selfmoordneigings gehad; Jeremia het met depressie gesukkel; Johannes die Doper was eksentriek; Petrus was uiters impulsief en opvlieënd; Marta was 'n perfeksionis; Sageüs was uiters ongewild; Tomas het gesukkel om te glo; Paulus was sieklik; en Timoteüs was teruggetrokke... tog het die Here hulle gebruik. Sorg dat jy jou beperkings ken en probeer dit te oorkom.

Sorg dat jy jou beperkings ken en probeer dit te oorkom.

My beperkings is:

- Ek sukkel om formeel voor mense te praat. Daarom hou ek die groepe in geselstrant. Ek staan nie voor en preek nie, maar sit in die kring en gesels.
- Ek sukkel met die Engels en al die groepe waarmee ek werk, is in Engels! Daarom het ek my voorlegging in die vorm van 'n Engelse brief gedoen.
- Zimbabwe is ver, hoe kry ek my kunsklasse se voorraad daar? Op wonderlike wyse is daar elke keer weer geleentheid vir opyritte om die voorraad soontoe te vat.
- Ek het jong kinders, ek kan hulle mos nie vir 'n week los nie! Dis waar vriendinne inkom; ek het wonderlike kerk-vriendinne wat my kinders net opgevang het, sodat ek geweet het dat hulle veilig is.

Bogenoemde is maar net vier beperkings, maar daar is soveel meer! Onthou, daar is ook magte wat jou wil weghou van Christus se werk! Ek het gevind elke keer wanneer ek oor die hekkie spring, kry ek krag en energie wat sommerso borrel in my. Dan weet ek, ek is oppad met die regte ding! 'n Mens kry energie, ongelooflike energie, as 'n mens besig is met dinge buite jouself. 'n Mens kry ekstra energie vir die uitdagings van jou gesin... God voorsien ook daarin!

God wil hê dat ons nie net die kennis en rykdom van sy Woord vir onself sal hou nie. Hy het elkeen van die Bybelse figure op 'n baie besondere manier gebruik. Hy wil jou ook gebruik!!

Riesl Spies, lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Maranata-Pretoria

Wat is goeie prediking?

Leer en Lewe

Wat is jou reaksie as jy hierdie spotprent sien?

In reaksie sal jy dalk dink aan 2 Timotheüs 4 vers 3 en 4: *...want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hul gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede en die oor sal afkeer van die waarheid en hulle sal wend tot fabels.*

Wat sê die prentjie vir julle? Die predikant vra die gemeente of hy die Woord gebring het soos hulle dit graag wil hê. Dit kan op drie maniere opgevat word, naamlik eerstens: "Het ek julle in julle gehoor gestreel?" Mense soek deesdae "good feel"-preke. Dit is waarna 2 Timotheüs 4 verwys. Maar die prentjie kan ook anders opgevat word, naamlik: "Het ek julle in julle verstand gestreel?" Is die akademiese peil hoog genoeg?



Derdens kan die vraag ook ernstig opgeneem word en beteken: "Het julle in die preek die Vader gesien, die Seun gehoor en die Heilige Gees ervaar?"

Ek dink julle sal saamstem dat die eerste twee opvattinge verkeerd is. Die predikant is nie daar om in die eerste plek aan die behoeftes van die gemeente te voldoen nie. Hetsy my emosie of my verstand nie.

Ons is almal sondige mense. Daarom het ons die oproep tot bekering van die Woord van God nodig. Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige **tweesnydende swaard**, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart. (Hebr. 4:12)

Het die prediking dan niks met ons omstandighede te doen nie? Ja, sekerlik. In die Bybel lees ons van baie mense wat in hulle omstandighede worstel, of dit uitsing van dankbaarheid en vreugde. Geloof het met kennis en emosie te doen.

Ook met die omstandighede waarin dit gebring word. Toe Paulus in Athene, kom sluit hy in die bring van sy boodskap by hulle omstandighede aan: *Paulus gaan toe in die middel van die Areópagus staan en sê: Atheners, ek sien dat julle in elke opsig baie godsdienstig is. Want terwyl ek rondgegaan en julle heiligdomme aanskou het, het ek ook 'n altaar gevind waarop geskrywe is: Aan 'n onbekende God. Hom dan wat julle vereer sonder om Hom te ken, verkondig ek aan julle. Die God wat die wêreld gemaak het en alles wat daarin is, Hy wat Here van hemel en aarde is, woon nie in tempels met hande gemaak nie. Ook word Hy nie deur mensehande gedien asof Hy aan iets behoefte het nie, omdat Hy self aan almal lewe en asem en alles gee.* (Hand. 23:23–25)

Nie dat hy die boodskap aanpas of verander nie, maar: Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om die Jode te win; vir die wat onder die wet is, soos een wat onder die wet is, om die wat onder die wet is, te win. (1 Kor. 9:20)

Daar is nog 'n aspek waarvan ons lees hoe Paulus die wyse waarop hy sy boodskap bring, aanpas: Ek het julle met **melk gevoed**, nie met vaste spys nie, want julle was nog nie daartoe in staat nie, en julle is nou nog nie daartoe in staat nie, (1 Kor. 3:2)

Dit is dus duidelik dat die bring van die evangelie nie net 'n eenduidige akademiese taak is nie.

Dit is dus duidelik dat die bring van die evangelie nie net 'n eenduidige akademiese taak is nie. Die predikant moet sy gehoor ken. In die gehoor is nie almal dieselfde nie. Daar is jonk en oud. Daar is

besoekers wat moontlik baie min kennis het. Die omstandighede in die gemeente is veranderlik. Daar kan droefheid of vreugde wees. Daar kan 'n ingeslapenheid wees, daar kan stryd wees.

Dan is daar die lewe van die predikant. Hy kan op 'n stadium nie goed voel nie, hy kan mismoedig wees, hy kan voel asof hy geen 'inspirasie' het nie. 'n Predikant is ook 'n mens onderhewig aan die gevolge van die sonde. Moet ons nie dan ook soms geduld hê nie, en hom nie dadelik aanspreek as 'n preek na jou mening nie so goed was nie?

In Nederland is die profiel van die predikant wat beroep word, soos volg beskryf: "Die predikant het die gawe van welsprekendheid wat uitkom in 'n duidelike uitleg van die evangelie. Die preke is goed verstaanbaar, spreek mense aan en is inspirerend vir die gemeentelid wat lid is van die gemeente sowel as vir die gaste. Die preke is 'inklusief' en sluit aan by die leefwêreld van die mense in ons huidige tyd. Sake wat tans aktueel in die gemeente is, word in die preke aangespreek." (vry vertaal)

Die volgende aspekte waarna hierbo verwys word kom na vore:

"welsprekendheid": Is dit nie baie gevra nie? Wat van 'n jong man wat hom geroepe voel om predikant te word, maar nie 'n goeie spreker is nie? Paulus was volgens aanduiding nie 'n goeie spreker nie (2 Kor. 10:10), terwyl Apollos dit duidelik wel was. (Hand. 18:24)

"'n Duidelike uitleg van die Evangelie": Predikante word opgelei om die Woord reg uit te lê. Tog is dit nie so eenvoudig nie. Dit verg 'n lewenslange studie van die Skrif. Ook kan nie altyd alles in 'n Skrifgedeelte in een preek uitgelê word nie. Kom ek noem 'n voorbeeld: die versoeking van Jesus in die woestyn (Luk. 4).

- Een predikant het uitgelig dat die Satan Jesus versoek om 'n kortpad te kies. "Om 'n kroon te dra sonder die kruis".
- 'n Tweede predikant het dit benader vanuit Jesus se voorbereiding op sy taak wat voorlê.
- 'n Ander dat die Satan die verlossende werk van Christus wil voorkom.
- 'n Ander weer dat Jesus as 2^{de} Adam al die versoekings van die 1^{ste} Adam moes deurstaan.

Is enigeen verkeerd? Ek dink nie so nie. Moet 'n predikant in sy preek al hierdie aspekte noem? Ek dink ook nie so nie. Hy kan 'n 2^{de} of 3^{de} keer hieroor preek, met verskillende invalshoeke.

Ander dinge wat 'n predikant in gedagte moet hou is, dat die preke:

- Christosentries is

- Heilshistories is
- Die sonde/ellende waarin ons verkeer aanspreek
- Die weg tot verlossing predik
- Dat ons in dankbaarheid moet lewe
- En ... daar is sekerlik nog meer.

“Die preke is goed verstaanbaar, spreek mense aan en is inspirerend vir gemeentede wat lid is van die gemeente sowel as vir die gaste”: Ek stem 100% saam, maar sjoe, ek beny nie die predikant sy taak om dit alles reg te kry nie.

“Die preke is is ‘inklusief’ en sluit aan by die leefwêreld van die mense in ons huidige tyd”: Dit is wat Paulus in Athene gedoen het. Hoe doen ‘n mens dit vandag in ons post-moderne tegnologiese eeu?

“Sake wat tans aktueel in die gemeente is, word in die preke aangespreek”: Die predikant moet dus op hoogte wees van wat in die gemeente leef.

Kom ons kyk na ‘n gemeenteprofieel in Suid-Afrika om te sien waarmee die predikant alles rekening moet hou:

- Die gemeente bestaan gedeeltelik uit oud-Nederlanders wat die Vrymaking as agtergrond het. Hulle is baie gesteld op die preekstyl. ‘n Sterk antitese teenoor die ‘eksemplaristiese’ prediking van voor die Vrymaking. Sterk voorstanders van ‘heilshistoriese’ preke. In sulke preke kry jy ‘n pragtige uitsig oor die hele heilsgeskiedenis van God in die Bybel. En dit is pragtig.
- ‘n Groot deel van die gemeente is mense wat in Suid-Afrika opgegroeï het. Hulle het nie net in ander kultuuromstandighede opgegroeï nie, maar ook in ‘n ander tyd. Ons lewe in ‘n tyd waar die rasonele nie meer so oorheersend is nie, maar die emosionele. Die hoorders vra ook preke wat aandag gee aan die stryd en vreugde van hulle daaglikse lewe. Lees ons nie baie van die geloofstryd van mense in die Bybel nie? God is mos ‘n God van mense.
- Dan is daar steeds meer mense wat van ander kerke en agtergronde kom. Hulle agtergrondkennis van die Bybel is anders of baie minder. In baie gevalle is ‘melkkos’ nog nodig.
- Laastens, maar nie die minste belangrik nie: die jeug. Ons is tereg oortuig daarvan dat kinders reeds die eredienste moet bywoon. Die moderne neiging van aparte jeugdienste keur ons tereg af.

Gawes wat die predikant ook moet hê: (weer eens volgens die profieel uit Nederland)

Geestelik: ‘n Kenmerk van die predikant is sy groot geloof. Hy verwag baie van die krag van gebed en laat hom lei deur die Heilige Gees.

Daarom het hy ook daagliks ‘n intieme omgang met God. Hy lewe heilig en almal kan dit in sy lewe sien. Hy lewe ook in die besef dat juis in sy swakheid die krag van God sigbaar word en staan daarom vol Godsvertroue in die lewe.

Onderwys: Die predikant het ‘n gawe om onderwys te gee vanuit die basis van die Christelike geloof.

Pastoraat: Die predikant het ‘n hoë empatie in sy omgang met mense van verskillende agtergronde, kennis en geloofservarings. Die predikant knoop graag gesprekke aan en luister dan goed. Deur sy lewenswysheid en warm persoonlikheid kan hy mense bemoedig en ondersteun. Hy kom ook in aanraking met maatskaplike probleme in die gemeente. Daar kan soms moeilike vrae wees waar pastorale begeleiding nodig is.

Ons predikante het baie gebed nodig.

Dit is enkele gedagtes om oor na te dink. Herken ons onself in bg. as ons met ons predikant praat oor sy prediking? Wat seker is, is dat ons predikante baie gebed nodig het.



Gerig luister

Ons het gesien hoe groot die taak van die dominee is in die prediking. Maar nie net die dominee moet hard werk aan die preek nie, ook dié wat luister, moet hard werk. K. Schilder het gesê dat die kerk ‘n werkplek is, nie net vir die predikant nie, maar ook vir die gemeente. Die gemeente verrig ook Sondagsarbeid. In gebed, sang, offerdiens en in die luister na die Woord.

Navorsing het getoon dat luister ‘n aktiwiteit is wat baie van iemand vereis. Dit vereis inspanning waarby ons ons eie gedagtes moet wegdruk, om net te konsentreer op die Woord van God. In ons moderne kultuur waar alles op die visuele ingestel is, is dit nie maklik nie. Om jou op die Sondag te moet inspan om na die preek te luister, is nie die ‘in-ding’ nie. Die preek moet maklik wees om na te luister en moet nie energie vereis nie. Jy kan ook so besig wees met die dinge by die werk, of in jou

lewe, dat jou gedagtes gereeld afdwaal. Jy kan nie regtig fokus op die preek nie.

Die kerk is 'n werkplek, nie net vir die predikant nie, maar ook vir die gemeente.

Die dagtaak van die week vra baie energie. Die Sondag is 'n rusdag wat die Here ons gegee het. As jy in die kerk sit, is daar 'n rus wat oor jou kom. Hier ervaar jy die nabyheid en rus van die Here. Jy vergeet van al die moeites. Dan kan die rus jou so oorweldig dat jy sukkel om nie aan die slaap te raak nie.

Ek kan ook uit gewoonte kerk toe kom om te luister. Dit is nou eenmaal so om elke Sondag kerk toe te gaan en lekker met jou vriende te sosialiseer. Binne ure is die preek vergete, en daar word nie weer daarvoor nagedink of gepraat nie.

Dan kan jy ook krities sit en luister na die preek. Dit wat nie gesê, maar volgens jou wel moes of kon gesê gewees het, irriteer jou. Die boodskap wat daar wel in die preek is, al gaan dit met gebreke gepaard, gaan vir jou verlore.

Dan is daar nog 'n manier van krities luister. Jy wil altyd net iets nuuts leer. Die skatte van die ou

waarhede van verlossing uit genade is so bekend dat dit jou nie meer interesseer nie. Dit bring nie meer die verwondering in jou hart nie. *Toe sê Hy vir hulle: Daarom is elke skrifgeleerde wat 'n leerling geword het in die koninkryk van die hemele, soos 'n huisheer wat uit sy skat nuwe en ou dinge te voorskyn bring.* (Matt. 13:52)

Om na 'n preek te luister, vereis dus konsentrasie en inspanning. Maar as ons beseft dat die nut daarvan die versterking van ons geloof is, dan sal dit vir ons moontlik wees. Die versterking van ons geloof beteken meer kennis oor God as ons Skepper en Vader, en oor onself as van binne-uit sondige mense. Maar verder ook blydschap oor die verlossing deur ons Heiland Jesus Christus. En laastens dat die Gees van God in ons wil woon sodat ons vrugte van die Gees voortbring en lewe as kinders van God in dankbaarheid. Die geloof is deur die aandagtige gehoor, sê Paulus in Romeine 10:17. Laat ons daarom moeite doen om veral ook op hierdie manier ons geloof sterk te hou, elke Sondag opnuut.

Hilko Lubbinge, lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria

Wegbly van die nagmaalsviering

In die jare wat ek as 'n predikant werksaam is, het ek in die verskeie gemeentes waar ek in die bediening was, gereeld lidmate ontmoet wat van die nagmaalstafel weggebly het omdat hulle gevoel het hulle kan dit nie saam met (party van) hul broers en susters vier nie. Mag ek hieronder 'n bietjie my gedagtes daarvoor laat gaan?

Bevel

“Doen dit tot my gedagtenis!”

Ons bely in Sondag 28 van die Heidelbergse Kategismus dat Christus ons 'n *bevel* gegee het om op 'n gereelde basis die nagmaal te vier: “Doen dit tot my gedagtenis!” Daar moet dus wel baie ernstige redes wees om nie aan hierdie bevel gehoorsaam te kan wees nie. Ons vier aan Christus se tafel die volkome versoening van al ons sondes. Kan daar redes wees om selfs hierdie fees nie te kan saamvier nie?

'n Alte groot skuldbesef?

Dit kan nie my alte groot skuldbesef en skaamte wees nie. My besef van skuld kan nooit so groot wees dat daarvoor geen



vergewing meer moontlik is nie. Dis eerder so dat, hoe meer ek leer beseft hoe groot God se genade is, des te meer ek ook leer beseft hoe groot my sonde en ellende is. Dis dié dat ons Nagmaalsformulier praat van “gelowiges wat reeds verslae van hart is”. Maar juis vir mense wat vanweë hul sonde 'n afkeer van hulleself het, het Christus die nagmaalstafel ingestel. Om daar vir hulle die

Maar juis vir mense wat vanweë hul sonde 'n afkeer van hulleself het, het Christus die nagmaalstafel ingestel.

volkome versoening van al hul sondes te waarborg.

Moeite met 'n broer of suster?

Ek mag ook nie van die nagmaal wegbly omdat ek groot moeite met 'n broer of suster en sy of haar gedrag het nie. Ek mag nie wegbly omdat ek meen hý of sý behoort nie so die nagmaal saam te vier nie. Want dit is nie mý verantwoordelikheid om daarvoor te besluit nie. Dis die kerkraad s'n en ek weet nie (presies) watter pad die kerkraad op dié oomblik met hierdie broeder of suster stap nie. En selfs al weet ek dat die kerkraad nog glad nie met hierdie mede-lidmaat besig is nie, en al is ek oortuig die broer of suster kom met 'n heeltemal verkeerde houding na die nagmaal toe, mag ek nie van die nagmaal wegbly omdat ek meen hý of sý moes daar weggebly het nie. Dis 'n saak tussen hom/haar en die Here, maar dit mag my nie daarvan weerhou om die vergewing vir my eie sondes aan die Here se tafel te soek nie.

Ja, maar die Here Jesus sê mos (Matt. 5:23 en 24): "As jy jou gawe na die altaar bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoen jou eers met jou broeder...". Dis reg ja, maar let mooi op: Jesus sê nie dat ek dalk iets teen my broer kan hê nie. Dis andersom: hý het iets teen mý, en nie ten onregte nie. Ek het vir hom 'n struikelblok in die pad geplaas. En dit moet ek eers gaan wegneem.

Bowendien: as Jesus sê dat ek in so'n geval nie met vrymoedigheid tot die HERE se altaar kan nader nie, praat Hy nie net van die nagmaal nie. In so'n geval kan ek ook nie met 'n vrye gewete aan enige Sondagse erediens deelneem nie. En vandat my eie lewe deur die Heilige Gees 'n tempel vir God geword het, kan ek geen oomblik meer vrymoedig met God verkeer nie!

'n Ernstige onenigheid in die gemeente?

Die nagmaal is nie 'n demonstrasie dat alles in die gemeente reg is nie.

Selfs 'n ernstige onenigheid in die gemeente moet nie te gou as 'n rede beskou word om nie saam die nagmaal te kan vier nie. Die nagmaal is nie 'n demonstrasie dat alles in die gemeente reg is nie. "Ons kom tog nie na die nagmaal om daarmee te kenne te gee dat ons in onself volmaak en regverdige is nie? Intendeel, ons erken juis nou dat ons by die nagmaalstafel die lewe buite onself in Christus soek, dat ons midde in die dood lê" (Nagmaalsformulier). Juis as daar groot moeites in die gemeente is, partyskappe, gevoelens van groot onbehae, moet ons wél die nagmaal vier.

Maar dan op die regte manier: elkeen moet nadink oor sy eie sondes en vervloeking (en dus nie: dié

Dis 'n saak tussen hom/haar en die Here, maar dit mag my nie daarvan weerhou om die vergewing vir my eie sondes aan die Here se tafel te soek nie.

van sy broers en susters, van die kerkraad, van die predikant nie) en besef dat hy self God se toorn verdien. Elkeen moet homself ondersoek (en dus nie: sy broers en susters, die kerkraad, die predikant nie) of hy van voorneme is om eerlik alle vyandskap, haat en nyd te laat vaar en voortaan in liefde en vrede met sy naaste te lewe.

So moet ons elkeen aan Christus se tafel die vergewing en die vernuwning van ons eie lewe soek. Om vervolgens die brood en die beker ook vir mekaar aan te gee: "Ek en jy, ons leef van dieselfde vergewing!"

Dit is die beste manier om mekaar in die kerk weer te vind en om onenighede, partyskappe, moeites en sondes te bowe te kom.

Want indien ons sê: "So kan ons nie meer saam die nagmaal vier nie!", kan ons dan nog wel elke Sondag saam (!) voor die HERE se heilige aangesig verskyn, saam (!) sing tot sy lof, saam (!) tot Hom nader in ons gebede?? Die nagmaalsviering

Die blye gevoel is nie 'n voorwaarde vooraf om aan die nagmaal te kan deelneem nie.

is nie 'n belangriker gebeure as elke Sondagse erediens nie, dis slegs 'n onderdeel daarvan.

Blye gevoel?

Maar die nagmaalsviering behoort tog 'n feestelike aangeleentheid te wees? En as daar soveel is wat krap, hoe kan ek dan nog met 'n feestelike gevoel my plek aan die Here se tafel inneem?

Die blye gevoel is nie 'n voorwaarde vooraf om aan die nagmaal te kan deelneem nie. Ek kan ook met 'n baie skuldige gevoel my plek aan die tafel inneem. Met verdriet oor die sonde wat daar nog steeds in my en my broers en susters is; oor die onvermoë om mekaar te bereik. Dan kan daar juis aan die Here se tafel tog weer die blydschap groei dat die Here sulke mense nogtans nie wegstuur nie, maar vol liefde sy genade aanbied. En dit stimuleer my dan om ook weer self met nog meer liefde en geduld my broers en susters te soek.

'n Onberispelike bedienaar?

Maar as daar klagtes gelê is teen die bedienaar van die nagmaal, kan hy dan wel die nagmaal bedien? En indien die kerkraad hom nogtans toelaat om die nagmaal te bedien, moet ek dan nie van die nagmaal wegbly nie?

Dié wat hulself hierdie vraag vra, moet 'n slag in die kerkgeskiedenisboeke gaan lees wat Augustinus geleer het m.b.t. die sogenaamde Donatiste. Die Donatiste het gesê dat slegs onberispelike voorgangers die sakramente kan bedien. En dat, indien 'n voorganger wat jou gedoop het, nie onberispelik was nie, jy opnuut gedoop behoort te word. Daarteenoor het Augustinus geleer dat die betekenis van die sakrament nie afhang van die onberispelikheid van die bedienaar nie. Indien Christus en sy offer vir ons sondes ten volle in die kalkig geplaas word, is Christus daar met sy vergewende genade-aanbod aanwesig. En soos Augustinus dit geleer het, het die Gereformeerde kerke dit later oorgeneem. Ons sal daarom ook nie iemand wat byvoorbeeld in 'n Rooms-Katolieke kerk gedoop is, weer 'n keer doop nie.

Slegs drie redes om te moet wegbly

Ek kan aan slegs drie redes dink om van die nagmaal te moet wegbly.

In die eerste plek is dit wanneer, weens dwaalleer en vrysinnigheid, Christus en sy offer vir ons sondes nie meer (ten volle) sentraal geplaas word in die sakrament nie.

Tweedens is dit, soos dit ook in die Nagmaalsformulier staan, wanneer ek nie van my

Die betekenis van die sakrament hang nie af van die onberispelikheid van die bedienaar nie.

dwalinge of skandelige lewe wil afsien nie en my daarom aan die vermaning van broers en susters en van die kerkraad nie steur nie (Sondag 31 HK, vraag 85).

Derdens as ek weet dat daar kort voor die nagmaalsviering by die res van die gemeente 'n groot onsekerheid ontstaan het oor my gehoorsaamheid aan die HERE, bv. by 'n skielike ernstige konflik in my huwelik en ek nie so gou my onskuld kan bewys nie. In so 'n geval het die kerkraad die reg om my eenmalig van die nagmaal te weerhou.

Maar laat ons andersins aan Christus se bevel gehoorsaam bly en tot sy eer, tot ons troos en tot opbouing van die hele gemeente saam die nagmaal aanhou vier.

Ds Ferdinand Bijzet, predikant van die Gereformeerde Kerk (vrijgemaakt) te Brouwershaven (Nederland), en tans vir 'n halfjaar uitgeleen aan die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad



Hurter Spies Ing.
prokureurs • attorneys

Prokureurs, Notarisse en Aktevervaardigers

- Eiendomsreg
- Opstel van koopvooreenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of
Johan Hurter
Telefoon 012-664-0708
of epos willie@hurterspies.co.za



SKOON
BIO-DIESEL bk.

Wat is Biodiesel?

Biodiesel is 'n skoon-brandende dieselvervangingsbrandstof, vervaardig uit natuurlike, hernubare bronne soos oliesade, herwinde gebruikte koololie, ens.

Biodiesel bevat geen petroleum nie, maar kan in enige verhouding met petroleum diesel gemeng word om 'n biodiesel mengsel te vorm.

Net soos petroleum diesel, kan biodiesel in enige ongewysigde dieselenjin gebruik word.

Wie is SKOON Bio-Diesel?

SKOON Bio-Diesel bk. is September 2008 gestig met die doel om biodiesel uit gebruikte plantaardige olies te vervaardig. SKOON Bio-Diesel werk nou saam met Supa Oils, 'n verspreider van plantaardige olies in die Wes- en Oos-Kaap.

Ons vervaardig op 'n omgewings verantwoordbare wyse biodiesel van hoogstaande kwaliteit. Ons verseker goeie gehalte van ons biodiesel deur op 'n kontinue basis kwaliteitstoets uit te voer.

SKOON Bio-Diesel bk. verskaf biodiesel aan maatskappye vir gebruik as brandstof in dieselenjins, of as brandstof vir ander energie-doeleindes.

Wat is die voordele van Biodiesel?

Biodiesel is 'n suurstofryke brandstof (11% suurstof op 'n massabasis) en dra dus by tot 'n meer volledige verbranding en 'n hoogs verbeterde uitlaatgas-profiel.

Biodiesel is:

- Hernubbaar
- Nie-giftig
- Swawelvry
- Veilig om te hanteer, te vervoer en te stoor
- Vry van karsinogeniese bensien
- Bio-afbreekbaar
- Het hoër flitspunt as petroleumdiesel

Biodiesel skei ook 80% minder koolwaterstowwe, 60% minder CO2 en 50% minder partikulêre deeltjies uit as petroleum diesel.

Enjin vertoning met biodiesel en biodiesel mengsels is omtrent identies aan die van petroleum diesel. Slegs klein hoeveelhede biodiesel kan beduidende smeringsvoordele verskaf aan petroleumdiesel.

Kontak persoon: Johan Potgieter • Epos: jpotgieter@skoon.co.za
Tel: +27 72 108 1608 • Tel: +27 21 951 5320 • Faks: +27 86 898 1947

SKOON Bio-Diesel bk., Eenheid 9, Circle Park, Sacks Strkel, Bellville-Suid, 7530



Reformational Study Centre

Ons het die voorreg om predikante in Afrika te help in hulle bediening. In ons kontak met sommige van hierdie predikante hoor 'n mens hoe daar geworstel word om die weg van die Here te gehoorsaam asook van die opofferings en moeites wat daar is in hulle werk. Die *Kompas*-redaksie het ons gevra om so elke nou en dan iets van ons werk te vertel. Ons wil hierdie keer begin deur iets weer te gee van die konteks waarin sommige predikers in Afrika werk. Ons hoop dat dit u nog meer bewus sal maak van die geleenthede wat ons het om in Afrika te help, asook sodat ons saam meer konkreet kan voorbidding doen vir die kontinent waarin die Here ons geplaas het.

'Dooie hart van Afrika'

Ver geleë van die see en met grootliks 'n woestynklimaat, het Tsjad (Chad) die benaming 'Dooie hart van Afrika' verwerf. Maar hoe staan sake ten opsigte van die inwoners se 'lewende harte' vir Christus?

Tsjad is 'n land wat reeds die afgelope 100 jaar baie politieke oproer en onrus ken. Hierdie spanning is nog steeds deel van die alledaagse lewe in die land, met gereelde terroristaanvalle uit die ooste, suide en weste van die land.

Die meerderheid van die land is Moslem (53.7%). Alhoewel dit 'n klein meerderheid is, oorheers hulle baie sterk in die owerheid, die ekonomie en die weermag. Vir die 36.6% Christene in die land is daar geen vryheid van godsdienst

nie. Die Moslem-vlugtelinge uit Darfur (Sudan) wat skuiling en hulp soek in Tsjad, gee vir die Christene op die oomblik 'n pragtige geleentheid om die liefde en vrede van Christus sigbaar te maak.

Die predikante hier het omtrent almal 'n gewone voltydse werk om brood op die tafel te kry. Daar is min tyd om te studeer, en Internet-toegang is beperk en baie duur in Tsjad. Ons is dankbaar dat ons mag weet van predikante in hierdie land wat 'n goeie sig het op die bestudering van God se Woord en op die noodsaak van sending in hierdie land!

Het u geweet? Tsjad is die land in Afrika waar gemiddeld die minste mense nog met die evangelie bereik is.

"Pick-up-truck- prediker"

Pastoor N. Kampeligi het 'n basiese pastorale kursus gevolg wat deur 'n paar predikante in Ghana aangebied is. Hy het besluit om die laaste jare van sy lewe meer te help met die uitdra van die evangelie. Hy is deur die een predikant in die noorde van die land gevra om te help met die prediking in daardie gebied, omdat die kerkies daar baie ver uitmekaar is, en hy 'n ou "pick-up truck" tot sy beskikking het. "I keep moving between villages quite often hence the need for me to keep abreast by getting assistance with sermon preparation. I also do not want to loose out on better aids to the study of God's Word hence I am very thankful for the assistance from your organisation in the area of sermon preparation."

Katolieke priester in Tanzanië

"I am a Catholic Priest. I belong to the Religious and Missionary Congregation of the Holy Ghost, (CSSp.) As a missionary, my apostolate is in different situations. I worked with The Burundian Refugees in Tanzania, I worked in formation, I worked in a rural parish in Tanzania, I also worked in a City parish in our Capital Dar es Salaam.

I wish to touch the hearts of the people I serve because this is the reason as to why I became a missionary priest. I deeply feel that this is my call and as St Paul puts it, alas for me if I do not preach the Gospel. I believe and trust that you will help me to do this at best and therefore, together we will fulfill this mission: to touch the hearts of people by the Word of God and give them peace, courage, consolation, hope, love, direction, confidence, and all that we can do to bring them closer to God in all the life situations that they find themselves in, whoever they are and wherever they are".

Tot sover Priester P.S. Mallya.

Uit beide bostaande voorbeelde sien ons die groot erns wat daar nog in Afrika gemaak word met die noodsaak om mense te bereik met die *prediking* van die evangelie – selfs in die Roomse kerk in Afrika! Mag die Here gee dat al sy kinders saam mag groei in die rykdomme van sy Woord.

Ds Jopie van der Linden,
emeritus-predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Johannesburg



REFORMATIONAL STUDY CENTRE

Zimbabwe

Verkiesings

Op 31 Julie is daar algemene verkiesings in Zimbabwe gehou. Daar moes 'n president en lede van die parlement gekies word. Die uitslag van die verkiesing was dat President Robert Mugabe 61% van die stemme gekry het en dat sy ZANU-PF-party nou 'n twee-derde meerderheid in die parlement het, terwyl die opposisieparty, die MDC, 34% van die stemme vir die parlement gekry het. Na hierdie uitslag was daar 'n benouende stilte in Zimbabwe. Die oproerpolisie het die stil strate gepatrolleer. Het daar dan iets fout gegaan wat hierdie stil spanning na die verkiesing veroorsaak het?

Die rede daarvoor draai waarskynlik om die persoon van mnr Robert Mugabe. Sedert die onafhanklikheidswording na die blanke bewind, in

Daar is rede om te vermoed dat die uitslag gemanipuleer is ten gunste van mnr Mugabe en sy party.

April 1980, het Mugabe al hoe meer mag na hom toe getrek. Hoewel hy die vorige verkiesing in 2008 verloor het, kon hy tog behendig die mag as uitvoerende (en nie as "seremoniële") president behou. Die leier van die party wat toe gewen het, mnr Morgan Tsvangirai, moes na onderhandelings genoeë neem met die rol van eerste minister onder Mugabe, sonder hoegenaamd enige regeringsbevoegdheid.

President Mugabe het hierdie keer seker gemaak dat so 'n frustrerende situasie en onderhandelings nie weer nodig is nie en dat hy nou met hierdie verkiesing ruimskoots sal wen. 'n Mens moet wel erken dat daar 'n groot deel van die (hoofsaaklik plattelandse) bevolking van Zimbabwe is wat Mugabe aanvaar as hul volksheld en nasionale leier. Maar 'n groot deel van die Zimbabweërs is ook vervul met sorg oor wat verder aan ekonomiese en maatskaplike onheil oor hulle land gaan kom.

Die besware wat ingebring is teen hierdie verkiesing is onder andere die volgende. Die stemlys is tot voor die verkiesing geheim gehou en nog steeds nie elektronies (vir ontleding) beskikbaar nie. Blykbaar is daar baie mense van 110 jaar en ouer op die stemlys wat duidelik kruisies getrek het. Bo en behalwe vir die 6,4 miljoen stemgeregtigdes is daar blykbaar 2 miljoen ekstra stembriewe gedruk, waarmee waarskynlik ook (vir

Mugabe) gestem is. Die staatsomroep en koerant het duidelik slegs propaganda gevoer vir ZANU-PF, die opposisieparty is bestempel as lakeie van die Weste. Daar was intimidasie oor die persoonlike gevolge as mense nie vir ZANU-PF sou stem nie. Geen Westerse waarnemers of media-vertegenwoordigers is toegelaat tydens die verkiesing nie. Daar is dus alle rede om te vermoed dat die uitslag gemanipuleer is ten

Sedert die onafhanklikheidswording na die blanke bewind, in April 1980, het Mugabe al hoe meer mag na hom toe getrek.

gunste van mnr Mugabe en sy party. Die VSA en die EU het gevolglik die uitslag nie erken nie, maar Suid-Afrika (mnr Zuma) en China het dit geloof.

Onlangse geskiedenis

Baie van ons sal nog onthou toe mnr Ian Smith in 1980 die leiers van die landsregering moes oordra na 'n algemene demokratiese verkiesing. Een van die swart leiers was toe mnr Mugabe, wat die aanvoerder was van die Zimbabwe African National Union (ZANU). As gevolg van die groot oorwinning van ZANU, die party van die Shona, by die 1980-verkiesing, het die Matabele's teen die ZANU-bewind in opstand gekom. Tussen 1982 en 1985 het daar na raming 20 000 Matabele's gesterf onder die strafekspedisie van die Vyfde Brigade van Mugabe, wat deur Noord-Korea opgelei is. In 1988 het Joshua Nkomo sy Patriotic Front (PF), die politieke party van die Matabele's, laat saamsmelt met ZANU tot ZANU-PF. Die PF-leierskap het duidelik "eiers vir hul geld" gekies.

Tydens sy 33 jaar aan bewind het mnr Mugabe toenemend persoonlike beheer van die land oorgeneem. Hierdie neiging kan ons ook verwag vir die komende vyf jaar. Behalwe sy funksie as uitvoerende president is hy ook die hoof van die weermag. Vanaf 2000 het hy grondhervormings deurgevoer, waar die blanke boere sonder vergoeding van hul grond afgesit is. Die grootste deel van die landbougrond is gegee aan sy politieke ondersteuners en die produksie van landbougewasse het daarna drasties afgeneem. In 2006 is daar ryk diamantvelde ontdek, wat nou ontgin word. Maar die grootste deel van die opbrings daarvan gaan blykbaar na mnr Mugabe, sy generaals, wie se soldate die diamantmyne beskerm, en na sy politieke vertrouelinge. Hierdie praktyk het hulle reeds ontwikkel toe Zimbabwe

“hulptroep” na Oos-Kongo gestuur het om daar teen rebelle te veg en daarvoor betaal is met diamante.

Die vrye pers en ander media is stelselmatig in Zimbabwe gemuilband of verbied. Slegs die nasionale koerant, *The Herald*, het oorgebly, wat as ZANU-PF-koerant, getrou aan die koerant se naam, die eienaars se standpunte verkondig. Ook buitelandse media is nie meer welkom in Zimbabwe nie, want hulle is veels te krities teenoor die regering. As gevolg van die swak menseregte in Zimbabwe het Westerse lande soos die VSA en die EU 'n boikot teen Zimbabwe ingestel, maar dit betref hoofsaaklik die staatsdiens en persone en maatskappye wat mnr Mugabe aktief ondersteun.

Zimbabwe het oor die jare in 'n groot ekonomiese krisis beland met geweldige devaluasie van die Zim-dollar. Teensinnig het die regering besluit om hul dollar aan die VSA-dollar te koppel (eie materiële belange is tog nog belangriker as hul politieke ideologie teen die Weste). Die gevolg is dat inflasie nou weer onder beheer is. Ongeveer 80% van die bevolking van Zimbabwe is werkloos, maar daarby moet onthou word dat ongeveer 4 miljoen van die 13 miljoen Zimbabweërs inmiddels die land verlaat het en dat baie Zimbabweërs op die platteland 'n bestaansboerdery het, wat vir hulle kos oplewer. Na skatting bly 3 miljoen van die 4 miljoen gevlugte Zimbabweërs in Suid-Afrika. Volgens mnr Mugabe is die ekonomiese verknorsing van die land die gevolg van die boikot deur die Weste en is daar geen sprake van wanbeleid deur sy regering nie.



Mr Robert Mugabe

die eerste president van Tanzania, wat gemeen het dat Afrikalande eenparty-state moet wees, om die her-opbou na die koloniale tydperk sonder verdeeldheid aan te pak, eerder as 'n demokrasie, wat die opbou-kragte verdeel en die lande sou destabiliseer (wat die Weste sou wou sien en

Mnr Mugabe

Robert Mugabe is Rooms-Katoliek opgevoed en het hom bekwaam as onderwyser. In sy periode as een van die leiers vir die bevryding van Zimbabwe het hy in aanraking gekom met baie bekende vryheidsvegters van die jare 1980. Hy is veral geïnspireer deur die gedagtes van Julius Nyerere,

hoekom hulle demokrasie propageer, volgens hom).

Robert Mugabe was 'n slim en ywerige student. Tydens sy gevangenskap in Harare, van 1964 tot 1974, het hy deur korrespondensiekursusse van die Universiteit van Londen en UNISA 'n hele aantal grade verwerf, o.a. in regs wetenskappe, onderwys, ekonomie, wetenskap en administrasie. Mugabe het ook 'n aantal eregrade ontvang, maar al die Westerse universiteite wat dit toegeken het, het dit later herroep.



Lewensvisie

Mnr Mugabe het nie 'n boek geskryf waarin sy idees oor die ontwikkeling van Zimbabwe of Afrika uiteensit nie. Daar is egter wel 'n aantal uitsprake wat aandui in watter rigting hy dink. Een van sy uitsprake is dat wit mense nie inheems in Afrika is nie, Afrika is vir Afrikane en Zimbabwe vir Zimbabweërs. Vir die Britse eerste minister Tony Blair het hy gesê: “So, Blair, keep your England and let me keep my Zimbabwe”. Let op die “my Zimbabwe”, maar dit is waarskynlik hoe hy dit letterlik bedoel. Daar word ook beweer dat Mugabe verval het in 'n “persoonlikheidskultus”. Die invloed van Julius Nyerere op Mugabe lyk duidelik aanwysbaar deur sy idees van 'n eenparty-staat as die beste politieke oplossing vir

Een van sy uitsprake is dat wit mense nie inheems in Afrika is nie, Afrika is vir Afrikane en Zimbabwe vir Zimbabweërs.

Zimbabwe en op sy gerigtheid op kommunistiese lande soos China, waar ook slegs een politieke party regeer, blykbaar tot welsyn van die volk.

Wat betref sy persoonlike benadering tot politiek weerspieël Mugabe die denke van baie staatsleiers in Afrika: ek is die beste, ek soek mag en ek soek geld (daar is een bekende uitsondering in ons land). Daarom kom daar van Afrika-staatshoofde, insluitende dié van Suid-Afrika, ook ondersteuning en gelukwense met sy herverkiesing, eerder as kritiek of aansporing om af te tree of om die belange van die bevolking eerste te stel. Op sy beste is daar “stille

diplomasië" (skouerkloppies in die binnekamer), soos van ons ou president Thabo Mbeki. Mugabe is nou 89 jaar en as die Here vir hom lewe gee, sal hy nog regeer in sy huidige termyn tot sy 94^e verjaardag.

Mugabe se grootste kundigheid lê in oorlewing en daarby pla sy hoë leeftyd hom blykbaar glad nie.

Ons erken in die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 36 dat alle owerhede deur God ingestel is, dat ons aan hulle onderdanig moet wees (Rom. 13) en vir hulle moet bid (1 Tim. 2:2).

Hy is reeds die oudste aktiewe politikus in die wêreld, maar hy oorleef steeds elke politieke terugslag en onttroningsaksie van opponente. Hy raak blykbaar ook al hoe meer geskoold in die beheer van verkiesings om seker te maak dat die teenstanders se kansse op sukses so klein moontlik is.

Toekoms

Hoe lyk die toekoms van Zimbabwe onder Mugabe? Op die politieke vlak sal die aantrek van mag na Mugabe as president verder toeneem. Met die huidige meerderheid in die parlement kan hulle nou die grondwet na eie insig verander. Die parlement sal 'n rubberstempel-orgaan vir die regering word. ZANU-PF se verklaarde beleid is dat buitelandse maatskappye gedwing sal word om vir ten minste 51% die eiendom van swart Zimbabweërs te word. Daar is groot buitelandse mynbou-industrieë in Zimbabwe, met grondstowwe soos goud, platinum, diamante, nikkel, ystererts en steenkool. Die nuwe aandeelhouers wat hierdie 51%-aandele gratis ontvang sal aansienlike inkomste daaruit kry.

Maar dit lyk nie waarskynlik dat hierdie maatreëls nuwe werkgeleenthede gaan skep nie, eerder sal buitelandse maatskappye minder investeer of hulle selfs onttrek. Die voordele van hierdie beleid kom dus maar in 'n beperkte aantal sakke. China sal baie daarin belangstel om hierdie minerale te ontgin en aan te koop. Die nadeel is dat Zimbabwe nie aan die see grens nie en dus groot volumes grondstowwe soos ystererts en steenkool deur Mosambiek sal moet uitvoer. Maar Mosambiek het geen goeie hawens vir massavervoer nie. Dié sal dan eers gebou moet word, saam met nuwe spoorlyne.

Daar is een groot faktor wat teen Mugabe tel en dit is sy leeftyd. Hoewel hy vir sy 89 jaar nog gesond en fiks lyk, sal hy waarskynlik nie gaan behoort tot die kategorie van 110-jariges wat nou nog vir hom stem nie (die gemiddelde ouderdom wat Zimbabweërs bereik, is 38 jaar, die laagste ter wêreld). Groot leiers in Afrikalande, soos

Mugabe homself beskou, is gewoonlik huiwerig om opvolgers op te lei, omdat dit hul politieke vooruitsigte op termyn sal ondermyn. Hoewel daar 'n aantal name genoem word as moontlike opvolgers van Mugabe, sal hulle waarskynlik nie so goed soos hy self wees in politieke oorlewing nie.

Vir die bevolking van die platteland van Zimbabwe, wat vir Mugabe gestem het, sal daar nie baie verander nie. Hulle kan aangaan met landbou op die grond wat hulle ontvang het. Maar wat moet word van die stedelike bevolking van Zimbabwe? Sal almal moet padgee na Suid-Afrika vir werk en 'n beter toekoms? As 'n diktator toegelaat word om sy land af te breek, sal hulle seker of moet saam terugbeweeg in "donker Afrika" in of moet trek. As jy nie met jou stembrief politieke invloed kan uitoefen nie, dan moet jy dalk maar met jou voete stem, soos baie Zimbabweërs reeds gedoen het.

Ons erken in die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 36 dat alle owerhede deur God ingestel is, dat ons aan hulle onderdanig moet wees (Rom. 13) en vir hulle moet bid (1 Tim. 2:2). Dit geld ook vir diktators soos keiser Nero (toe Paulus Rom. 13 geskryf het), Filips II (toe Guido de Brès NGB Art 36 geskryf het), en ook vir president Mugabe. Dus is opstand en revolusie geen opsie vir Christene nie, tensy die owerheid die Christelike godsdiens verbied of jou dwing om teen God se wil in te gaan. Oplossings wat deur Christene toegepas is onder owerhede waar hulle nie in geloofsvryheid kon lewe nie, was vlug na die buiteland (gereformeerde gemeentes in Emden, Wesel en Londen in die 16^e eeu) of emigreer (soos die Afsgekeidenes na die VSA in die 19^e eeu). Ons burgerskap is uiteindelik nie van hierdie wêreld nie, maar is in die hemel. Ons kan ook om ekonomiese redes ons land verlaat om elders 'n beter bestaan op te bou, soos baie van ons self gedoen het.

Wat kan die Christene in Zimbabwe doen? Hulle kan bid en werk vir veranderings ten goede. Maar as dit na jare geen resultaat het nie, dan moet ook hulle, of hulle kinders, seker maar hul welsyn elders gaan soek. Baie Zimbabweërs sal na Johannesburg trek vir werk, maar sommige mag ook in Pretoria of Kaapstad teregkom. Waarskynlik is dit die meer ontwikkelde en geskoolde Zimbabweërs wat kan en sal wegtrek uit hul land. Party van hulle mag lidmate van gereformeerde kerke wees. Hulle raak los van hulle kerke tuis en kan deur gebrek aan geestelike voeding hulle geloof verloor.

Laat ons bewus wees van hulle geestelike ontheemding as ons Christene uit Zimbabwe sou ontmoet.

Ons sou hulle in materiële opsig kon help deur vir hulle werk te gee. Maar laat ons ook bewus wees van hulle geestelike ontheemding as ons Christene uit Zimbabwe sou ontmoet. Dalk kan ons hulle help om hul geloof en vertroue op God te behou deur in te skakel by 'n Engelstalige gereformeerde kerk, soos rondom Pretoria. En vanselfsprekend kan ons vir hulle en hul owerheid bid.

Mag God genadig wees oor die mense in Zimbabwe en in ander Afrikalande wat ly onder 'n korrupte en diktatoriale bewind.

Hans Moes, lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad

PRINTBURO

Vir al u Drukwerk:

Boeke Handleidings Foto Albums
Kopiëerwerk
Briefhoofde Besigheidskartjies
Pamflette
"Mailing" en "Personalized Printing"
Kalenders
Regsdrukwerk Indieningsomslae
Kantooromslae
Tweedehandse Registerboeke
en nog vele meer ...

Kwaliteit Drukwerk

www.printburo.co.za
printburo@grafikus.co.za
012 335 9134/5

our imprint takes you further

Boekbespreking

Om Kuyper te verstaan ...

... moet jy na Pietje Baltus gaan

'n Klein, arm en ongetroude vroujie in 'n onbenullige klein dorpie êrens in die middel van Nederland het indirek 'n belangrike invloed op die gereformeerde denke en teologie in Nederland en Suid-Afrika gehad. Want sy was verantwoordelik vir 'n ommekeer in die denke van Abraham Kuyper. En Kuyper het op sy beurt weer 'n belangrike invloed op die gereformeerde denke wêreldwyd gehad.

Wie sy was en hoe dit gebeur het, weet min mense vandag. Daarom is dit interessant dat 'n boekie oor haar en Kuyper verlede jaar verskyn en ook tot Suid-Afrika deurgedring het. Die titel van die boekie van 64 bladsye, "**Geboeid door Pietje Baltus. Twee opstellen rond de theologie van Abraham Kuyper**" is uitgegee deur die Stichting Woord & Wandel.

Dit is 'n heruitgawe van lesings deur prof J Kamphuis en Fred van Lieburg, kerkgeskiedkundiges, met as redakteur ds Ferdinand Bijzet, 'n predikant wat vir jare in Pretoria gedien het en nou tydelik in Kaapstad diens doen.

Vir die ouer geslag gereformeerdes sal die volgende uitspraak dalk bekend wees: "Hy wat die (leer van die) algemene genade van Kuyper wil verstaan, moet na sy besondere genade gaan. En hy wat Kuyper se besondere genade wil verstaan, moet na Pietje Baltus gaan."

Dit het so gekom: Toe Kuyper in 1860 na sy eerste (Hervormde) gemeente, in 'n klein dorpie met die naam Beesd, gaan, was hy nie gereformeerd nie en sterk onder die invloed van die supranaturalisme, 'n vrysinnige rigting wat wel die Bybel aanvaar het, maar wat geglo het dat die menslike rede dit alles moet kan verstaan of verstaanbaar moet kan maak. Dit was 'n koue, nugtere godsdiens met min ruimte vir 'n warm en liefdevolle persoonlike verhouding met Christus.

Pietje Baltus was die teenoorgestelde. Sy en 'n groepie mistieke medegelowiges het 'n "konventikel", 'n soort studiegroep, gevorm wat wel lidmate van die Hervormde kerk was, maar nie die koue, redelike prediking kon vat nie, en onder mekaar hul persoonlike verhouding met Christus bespreek en uitgediep het. Hulle was mistiek, ook genoem geestesdrywers, 'n volledige gevoels-godsdiens wat niks met die wêreld en sy logika te doen wou hê nie en wat al hul hoop op die hiernamaals gevestig het. Hulle het geglo in die besondere genade wat God aan hulle toebedeel het.

Kuyper het by Pietje op huisbesoek gegaan en het geboeid geraak deur haar siening. Hy het oortuig daarvan geraak dat die gelowige 'n persoonlike band met Christus moet hê – dus deel moet hê

aan die besondere genade. Maar hy het hierby ook algemene genade gevoeg, dus die genade wat God aan die kerk gee om sy taak hier op aarde te doen.

Anders as Pietje, wou Kuyper nie dat God se kinders hulle uit die wêreld onttrek nie, maar ten volle daaraan deelneem – volgens God se wil.



Dit het later Kuyper se denkstruktuur van besondere en algemene genade geword, 'n bron van die valse skeiding tussen die natuur en genade. Verkeerdlik is dit deur die jare geïnterpreteer as God se besondere genade vir die gelowige en God se algemene genade vir die wêreld – by wyse van spreke dat God aan die ongelowige wêreld ook nog 'n bietjie genade gee.

Hierdie verkeerde voorstelling van twee genades het oor baie jare ook in die gereformeerde teologie in Suid-Afrika invloed uitgeoefen. Kamphuis het Kuyper se algemene genade verwerp, maar tog Kuyper se suiwere dryfveer verstaan, naamlik dat die hele skepping aan Hom behoort, en dat die hele skepping en alle mense Hom moet dien soos Hy gedoen wil word.

Waarom algemene genade verkeerd is? Omdat God net een genade het, en dit is die genade aan diegene wat in Hom glo. Hy hou die wêreld in stand vir die kerk en sy kinders, nie vir die ongelowiges nie.

Die boekie is beskikbaar by Boekenhout-Folmer, Aros, Pretoria (aros@aros.ac.za), of kan bestel word by Folmer Boekhandel Kaapstad (eendenkooi@telkomsa.net)

Rob van der Kooy, lid van die Gereformeerde Kerk die Kandelaar

UITMUNTENDE KWALITEIT KOFFIE

BESTEL DIREK VIR GENOT
TUIS OF OP KANTOOR
WWW.PIERRELOTTI.CO.ZA

08600-COFFEE

Gaste woonstel – La Cotte Inn

Bellville omgewing, goed geleë
Slaapplek vir 2/3 persone
Rolstoelvriendelik
Alle geriewe, naby winkelsentrums,
hoofpaaie en die Kaapse strande.

Kontak: Jan/Ina van Alten
Tel: 021 9191597
Sel: 073 2652440
E-Pos – magdalenava@mweb.co.za

*Geplant in die moederskoot groei nuwe lewe.
Geskenk, deur God gegewe 'n Wonder
onbeskryflik groot.*

Die HERE het ons gesin verbly met die
geboorte van 'n gesonde seun en boetie

Zander

Ons dank Hom vir hierdie mooi geskenk!

Johan en Francien Moes

Hanno

Mark

Saskia

Aniek

19 Junie 2013

jjfmoes@magalies.net

*Met dankbaarheid teenoor ons
Hemelse Vader en met vreugde in
ons hart maak ons die geboorte
van ons dogter*

MARISSA VISSER

bekend.

Gebore op 9 Julie 2013

Erik & Yolanda Visser

Psalm 139 : 13 & 14

*Want U het my niere gevorm,
my in my moeder se skoot geweef.
Ek loof U, omdat ek so vreeslik
wonderbaar is; wonderbaar is U*

*Erken dat die HERE God is: Hy het ons
gemaak, en ons is syne.*

Psalm 100:3

Ons pragtige seuntjie is gebore op 24
Julie 2013.

Ons noem hom

Willem

Ons dank die HERE vir hierdie groot
geskenk.

Frans en Ingrid Hagg

Voor geboorte was haar bynaam al Rosie,
maar met haar geboorte kon ons getuig
saam met die digter van Psalm 89:

*o HERE, God van die leërskaare, wie is soos
U? Grootmagtig is U, o HERE, en u trou is
rondom U!*

Daarom doop ons haar toe

MICHELLE BIJKER

wat beteken: *HERE, wie is soos U?*

Gebore: 10 Jul 2013

Pretoria

Gerhard & Erica Bijker
Christiaan, Ineke, Paul & Anmarie

Die wonderlike vreugde en skrikwekkende realiteit het op ons toegeslaan 25
Junie 2013, waar ons die liggaamlike en geestelike ervaring van die geboorte
van ons seuntjie, **Divan Bouwmeester** ervaar het. Daarvoor is daar net rede vir
blydschap en ons is die Here dankbaar vir die vreugde wat Hy ons laat ondervind
het deur die swangerskap. Die verwagting het groot opgewondenheid en
natuurlik moeities en emosies ingehou, maar op die moment van kraam, word dit
vervang met 'n onbeskryflike belewenis en resultaat! Die wonderwerk van so 'n
geskenk verdien beslis ons lof en aanbidding teenoor ons Here en sy genade –
Hy wat lewe skenk.

Daar heers groot opgewondenheid en 'n verantwoordelikheid t.o.v die
opvoeding, onderrig en gesondheid van die klein bondeltjie, daarvoor bid ons
die Here se krag toe elke dag. Dit is 'n magtige seëning wat ons van ons Vader
ontvang, en as dit sy wil is, mag Divan 'n boetie of sussie ryker word eendag.
Albert & Ingrid Bouwmeester

Heidelbergse Kategismus - Sondag 1

Blokkiesraaisel

I	G	S	H	T	E	T	S	G	I	N	E	B	R
E	H	A	L	H	E	I	L	I	G	E	S	L	L
D	A	N	K	B	H	B	S	O	O	R	T	E	I
R	E	L	L	E	N	D	E	T	G	E	I	B	G
E	V	B	E	R	E	L	W	W	B	E	E	R	G
S	E	A	G	F	I	E	H	B	A	T	A	G	A
S	R	H	E	R	E	W	L	D	A	A	H	E	A
O	S	D	W	D	B	O	A	A	B	B	R	W	M
L	E	R	E	E	E	L	L	K	E	E	M	I	S
R	K	I	R	D	A	G	N	T	H	R	Y	L	T
E	E	E	O	L	U	A	O	G	O	E	S	L	E
V	R	E	L	O	D	I	E	D	O	I	E	I	R
G	G	E	L	A	V	E	W	A	R	D	L	G	W
V	O	O	R	T	A	A	N	E	T	L	F	E	E
S	A	L	I	G	H	E	I	D	L	E	W	E	E

1 Vraag: Wat is jou * troos in lewe en in sterwe?

Antwoord: Dat ek met * en siel in lewe en in * (a) nie aan * (b) nie, maar aan my getroue *, Jesus Christus * (c). Hy het met sy kosbare * vir al my sondes ten volle * (d) en my uit * heerskappy van die * verlos (e). Hy * (f) my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen * van my kop kan * nie (g). Alles moet inderdaad tot my * dien (h). Daarom * (i) Hy my ook deur sy * Gees van die ewige * en maak Hy my van harte * en * om * vir Hom te lewe (k).

(a) Rom 14:8. (b) 1 Kor 6:19. (c) 1 Kor 3:22; Tit 2:14. (d) 1 Pet 1:18, 19; 1 Joh 1:7; 2:2, 12. (e) Heb 2:14; 1 Joh 3:8; Joh 8:34-36. (f) Joh 6:39; 10:28; 2 Tess 3:3; 1 Pet 1:5. (g) Matt 10:30; Luk 21:18. (h) Rom 8:28. (i) 2 Kor 1:22; 5:5; Ef 1:14; Rom 8:16. (k) Rom 8:14; 1 Joh 3:3.

2 Vraag: Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie * salig te kan lewe en sterwe?

Antwoord: * dinge (a): Ten eerste, hoe groot my sonde en * is (b); ten * ; hoe ek van al my sonde en ellende verlos word (c) en ten derde hoe ek * vir so 'n verlossing * moet wees (d).

(a) Matt 11:28-30; Ef 5:8. (b) Joh 9:41; Matt 9:12; Rom 3:10; 1 Joh 1:9; 10. (c) Joh 17:3; Hand 4:12 10:43. (d) Ef 5:10; Ps 50:14; Matt 5:16; 1 Pet 2:12; Rom 6:13; 2 Tim 2:15.

Hierdie blokkiesraaisel is geplaas met toestemming van die skrywer Hennie van Wyk. 'n Mens vind die blokkiesraaisel op sy webblad www.ssplus.co.za

**Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)**

Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Dr Gerard Hagg
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134
Tel: 012 332 0127
Faks: 086 651 9719
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:

Printburo (tel: 012 335 9134)

Redaksie:

Douwe Drijfhout (eindredakteur)
Gerhard Bijker
Marja Danielz
Heleen Snijder

Bladuitleg:

Ilze van Houwelingen

Taalversorging:

Magriet de Mooij en Marijna Bijker

Webmeester:

Willemien Kleijn

Redaksieadres:

19de Laan 560
Rietfontein, 0084
E-pos: kompas@vgk.org.za

Advertensies:

Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:

Kompas, Capitec Rietfontein
Takkode: 47 00 10
Rek nr: 132 884 5972
Tjeks moet asb. uitgemaak aan L.
Ros. Onthou asb. om u lidnommer
waar moontlik te gebruik by betalings.
Betaalbaar voor/op 28 Feb 2013 asb.

Intekengelde (per jaar):

RSA per e-pos: R60
RSA per hand: R120
RSA per pos: R160
Buiteland per e-pos: €10
Buiteland per seepos: €30
Buiteland per lugpos: €40

<http://kompas.vgk.org.za/>

Intekening moet asseblief skriftelik
gekanselleer word. Kompas is nie
aan kopiereg onderhewig nie.

KOMPAS is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande predikante of sendelinge in verbinding te tree:

- **Ds P Abrahams :**
Bauhinia Close 12, Belhar 7490; tel 021 953 0940
pabrahams@webafrica.org.za
- **Dr JA Breytenbach :**
Hoëveldlaan 17, Bethal
hmbreytenbach@gmail.com
- **Ds JJ Drijfhout :**
21ste Laan 934, Rietfontein; sel 072 556 9872
jj.drijfhout@vgk.org.za
- **Ds C Kleijn :**
Corneliusstraat 1071, Panorama, A H,
Weltevredenpark 1709; tel 011 679 1646
dskleijn@vgk.org.za
- **Rev BA Matlaela :**
Soshanguve Noord; tel 073 241 9963

Sendelinge in diens van die kerke is:

- **Ds DM Boersma :**
Hibiscusstraat 54, Chantelle 0182, Pretoria
tel 012 549 3668 / dmborsma@vgkmaranata.org.za
- **Ds PG Boon :**
Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186, Pretoria
tel 012 332 1028 / pgboon@vgkmaranata.org.za
- **Rev MP Magagula :**
575 Blok GG, Soshanguve 0152;
tel 012 798 1553 / magagula@telkomsa.net
- **Rev J Mhlanga :**
Kerkgebou, 624 Blok WW, Soshanguve-Suid;
tel 012 791 0983 / jmhlanga@vgkmaranata.org.za
- **Rev GF Mnisi**
Soshanguve; tel 072 237 2412
- **Ds CA van Wyk**
Eikelaan 1, Rustdal, Blackheath 7580
tel 021 905 3512 / cvanwyk@webafrica.org.za

Afsnydatum vir die volgende uitgawe
van KOMPAS:

9 September 2013

Artikels moet na die volgende adres
gestuur word: kompas@vgk.org.za